

Donderdag 28 Maart

Skrifgedeelte: Josua 22:9-34

Fokusgedeelte: Josua 22:33-34

Praat meer met mekaar – dan kan ons God ook meer prys!

Skaars het die stamme Ruben, Gad en die helfte van Manasse teruggetrek na die ooste van die Jordaan, en daar is amper 'n oorlog. Hulle het 'n gedenkteken opgerig om hulle eenheid met die res van Israel te betuig en om hulle trou aan die Here te bevestig. Die stamme in die ooste was bang dat daar met tyd skeiding kon ontstaan omdat die Jordaanrivier hulle skei. Hulle rig toe 'n altaar op om as 'n gedenkteken te staan tussen hulle en die res van Israel.

Maar die teenoorgestelde gebeur – hulle word verdink van ontrou en die ander stamme wil hulle kom uitwis. Hoe los hulle hierdie plofbare situasie op? Hulle stuur vir Pinehas en tien volksleiers om met hulle te gaan praat. Hulle gaan vind eers uit wat gebeur voordat hulle oorlog maak. Daar vind hulle toe die teendeel uit – die altaar is net 'n getuienis – en hulle prys die Here.

Tree ons nie ook baie keer so op nie? Ons hoor net en sien dat iemand besig is met 'n saak en dan is ons gereed om oorlog te maak! Beide groepe wil getrou bly en die Here gehoorsaam. Kom ons praat eers met mekaar voor ons optrek en spanning veroorsaak. Kom ons praat meer met mekaar en praat saam oor die één Here wat ons dien, deur die één geloof en net die één Christus Jesus wat vir ons gesterf het (Ef. 4:4-5).

Kom ons duld nie sonde en afvalligheid nie, maar ons kommunikeer met mekaar en ons bou eerder daaraan om mekaar aan die enigste ware God te herinner wat van altyd af sy beloftes gestand doen.

Sing: Psalm 146-1:1, 8

Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)